*Woensdag* 7 Januarie

Skrifgedeelte: Jesaja 55

Fokusgedeelte: Jesaja 55:3

Oproep om die barmhartigheid van die Here op te soek!

Mense loop nie 'n partytjie mis as daar gratis verversings is nie. Hoekom sal ons dan die uitnodiging van die Here nie aanvaar nie? Almal wat dors is, almal wat honger is, word opgeroep om die barmhartigheid van die Here te beleef!

Voel dit of jy in 'n woestyn is en verstik in die stof van dors? Kom almal wat dors is! Het jy nie geld nie? Kom nog steeds! Kom koop en eet van die beste wat daar is, rykmanskos – wyn en melk.

Beleef jy die dors wat net met die lewende water geles kan word? Kom na die Here toe, want in Christus het Hy vir ons ten volle betaal en Hy alleen kan die verlossing gee wat ons broodnodig het. Nie net gee die Here vir ons water en kos nie, maar Hy gee aan ons sy Heilige Gees.

Met hierdie oproep is daar ook 'n waarskuwing, 'n opskerping. Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is. Moenie uitstel nie, kom nou na die Here toe, kom luister sodat jy kan lewe! Die Here vergewe ons, wys sy barmhartigheid aan ons, sluit met ons 'n ewige verbond! Deur die Heilige Gees word ons wedergebore en opgeroep om te bekeer. Ons moet die verkeerde pad laat staan. As ons gedrink het van die lewende water, hoekom gaan ons dan terugkeer na ons ou pad in die woestyn van die wêreld se sondes?

Waarop stel jy al jou inspanning en tyd en finansies? Waarop hoop en vertrou jy? Die wêreldse begeertes kan nie versadig nie – dit gaan tot niet of ons soek net nog meer! Die Here se barmhartigheid staan vir ewig vas en Hy is altyd dieselfde!

*Sing: Psalm 103-1:1, 7, 9*

*Ds. ID de V (Danie) Potgieter (Rietvallei)*